# Hoofstuk 86 Die Helder Sterre / Surah Al-Tariq

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Ek sweer by die hemelruim en die Nagbesoeker,

2. en waaraan sal jy kan weet wat die Nagbesoeker is?

3. Die Nagbesoeker is die ster wat baie helder skyn!

4. daar is nie 'n mens wat nie 'n bewaker het wat 'n oog oor hom of haar hou nie, 'n voog, 'n bewaarder: die engele wat keer dat hy of sy nie iets ongewens oorkom nie, beskermengele,(K82:10-11 & K13:11)

5. So, laat die mens dan in gedagte hou waarvan hy geskape is.

6. Die mens word geskape uit 'n straaltjie waterige vloeistof...

7. ...wat tussen die heupe en die borsbene uitkom: semen en die eiersel bevat die Gene en die DNA, en daarin die bloudruk van die mens asook die kenmerke van daardie individue, saamgestel uit die hele liggaam en wese van daardie individue... (K76:2)

8. Waarlik, Allah, wat die mens geskape het uit daardie klein bietjie vloeistof, is so Magtig dat hy selfs die mens tot die lewe kan terugbring,

9. op 'n dag wanneer al die geheime uitgesnuffel, ondersoek en getoets gaan word

10. en die mens geen krag sal hê om homself te verdedig nie, en ook niemand sal hê om hom te ondersteun nie.

11. Ek sweer by die lug wat die reën herhaaldelik elke keer maar weer bring,

12. en die aarde wat oopbreek en plante voortbring,

13. hierdie is 'n woord wat beslissings vel: die Koran, wat onderskei tussen waarheid en leuen,

14. en die Hiernamaals waaroor dit die mens waarsku is nie grap of bedoel om te vermaak nie, maar 'n werklikheid.

15. Die Koereisj wat probeer om die vooruitgang van Islam te belemmer maak allerhande planne,

16. en Ek maak planne.

17. So, op die vraag van die ongelowiges dat, as Allah dan ongeloof, egbreek en sonde so verafsku, hoekom straf Hy nie die ongelowiges, egbrekers en sondaars reeds in hierdie lewe nie, is die antwoord: vertrou in My planne en vergeet van die ongelowiges vir die oomblik: gee hulle uitstel en behandel hulle sagkens en verdraagsaam vir 'n rukkie, want juis dit wys dat julle vertroue het in Allah se plan.